VERVAARDIGING

<u>Vraag 1</u> (Vervaardigingsaspekte en Gelykbreekpunt; 20 punte, 12 minute)

Peter Dladla besit Dladla's Sokkerwinkel. Die onderneming vervaardig en versprei sokkerballe. Die finansiële jaar eindig op 30 Junie elke jaar.

GEVRA:

1.1 Verduidelik die verskil tussen vaste koste en veranderlike koste en gee twee voorbeelde van elk van die kostes. (6)

1.2 Bereken die volgende:

1.2.1 Totale vaste koste (3)

1.2.2 Veranderlike koste per eenheid (3)

1.3 Bereken die gelykbreekpunt. Behoort die onderneming tevrede te wees met hulle huidige produksiesyfer van 13 700 eenhede. Verduidelik hoekom jy so sê. (8)

INLIGTING:

1. Gedurende die jaar is 13 700 balle vervaardig en verkoop. Die verkoopprys is R350 per bal.

2. Die volgende kostes vir die jaar geëindig 30 Junie 2018 het voorgekom:

Koste-item	**Totaal**	**Eenheidskoste**
Primêre koste	2 657 800	194,00
Direkte grondstofkoste	?	?
Direkte arbeidskoste	1 205 600	?
Fabrieksbokoste	1 085 500	?
Verkoops- en verspreidingskoste	?	26,00
Administratiewe koste	890 500	?

1.1 Verduidelik die verskil tussen vaste koste en veranderlike koste en gee twee voorbeelde van elke koste.
Vaste koste:
Veranderlike koste:

1.2 Bereken die volgende:
1.2.1 Totale vaste koste:
1.2.2 Veranderlike koste per eenheid:

1.3 Bereken die gelykbreekpunt.
Behoort die onderneming tevrede te wees met hulle huidige produksiesyfer van 13 700 eenhede. Verduidelik hoekom jy so sê.

VERVAARDIGING

Vraag 2 (Vervaardigingsaspekte; 15 punte, 9 minute)

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Outdoor Vervaardigers vir die finansiële jaar geëindig 31 Desember 2018. Hulle vervaardig slegs een tipe kampstoel.

GEVRA:

2.1 Bereken die gelykbreekpunt vir 2018. (9)

2.2 Outdoor Vervaardigers vervaardig slegs een tipe stoel en verskaf dit aan slegs een kliënt teen ‘n vaste prys. Hierdie situasie kan lei tot probleme in die toekoms. Verskaf advies aan die eienaar hoe om sy produksie, bemarking en prysvasstelling in die toekoms te verbeter. (6)

INLIGTING:

	2018	**2017**
Primêre koste per eenheid (veranderlike koste)	R170	R120
Fabrieksbokoste (vaste koste)	R1 080 000	R950 400
Verkoops- en verspreidingskoste vir die jaar (veranderlike koste)	R330 000	R273 600
Administratiewe koste vir die jaar (vaste koste)	R320 000	R294 400
Verkoopprys per stoel	R600	R600
Aantal stoele gedurende die jaar vervaardig	16 500 eenhede	15 200 eenhede
Aantal stoele gedurende die jaar verkoop	15 800 eenhede	12 300 eenhede
Gelykbreekpunt	?	2 695 eenhede

2.1 Bereken die gelykbreekpunt vir 2018:

2.2 Verskaf advies aan die eienaar om sy produksie, bemarking en prysvasstelling in die toekoms te verbeter.	
Probleem	Advies
Produksie	
Bemarking	
Prysvasstelling	

VERVAARDIGING

Vraag 3 (Vervaardigingsaspekte; 35 punte, 18 minute)

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Jump Vervaardigers vir die finansiële jaar geëindig 31 Julie 2015.

GEVRA:

3.1 Stel die volgende notas op vir die jaar geëindig 31 Julie 2018:
- 3.1.1 Direkte materiaalkoste (8)
- 3.1.2 Fabrieksbokoste (15)

3.2 Stel die Produksiekostestaat vir die jaar geëindig 31 Julie 2018 op. (12)

INLIGTING:

1. Die volgende saldo's het in die grootboek verskyn aan die begin en einde van die jaar:

	31 Julie 2018	**31 Julie 2018**
Grondstofvoorraad	1 647 500	720 000
Werk-in-prosesvoorraad	803 200	89 400
Klaarprodukte	330 000	500 000
Fabriek: Indirekte materiaal	64 000	152 000

2. Die volgende transaksies het gedurende die jaar plaasgevind:

Grondstowwe op krediet aangekoop	970 000
Grondstowwe kontant aangekoop	978 000
Grondstowwe aan die plaaslike laerskool geskenk	50 000
Koste betaal om grondstowwe by die fabriek af te lewer	29 500
Indirekte materiaal vir die fabriek kontant aangekoop	78 000
Indirekte materiaal vir die fabriek aan verskaffers teruggestuur	24 000
Direkte lone vir die jaar betaal insluitend WVF-bydraes	763 560
Lone aan fabriekskoonmakers betaal insluitend WVF-bydraes	204 840
Salaris aan fabrieksvoorman betaal insluitend alle WVF-bydraes	151 500
Instandhouding van fabriekstoerusting betaal ('n Faktuur van R14 500 is ontvang, maar nog nie betaal nie)	23 000
Water en elektrisiteit betaal (Dit word verdeel tussen die fabriek, kantoor en verkoopsafdeling in die verhouding 4:2:1)	98 000
Huur betaal (Dit word tussen die afdelings verdeel volgens vloerspasie – die fabriek beslaan 57% van die totale vloerspasie.) Die huur vir Augustus 2018 is reeds betaal.	169 000
Waardevermindering op fabriekstoerusting	89 000

3.1.1 Direkte materiaalkoste	
Direkte materiaal gebruik in die produksieproses	

3.1.2 Fabrieksbokoste	
Totale fabrieksbokoste	

3.2 Produksiekostestaat vir die jaar geëindig 31 Julie 2018	
Primêre koste	
Fabrieksbokoste	
Totale produksiekoste vir die jaar	
Werk-in-prosesvoorraad begin van die jaar	
Produksiekoste van voorraad beskikbaar om te verkoop	
Werk-in-prosesvoorraad einde van die jaar	
Koste van produksie van klaarprodukte	

VERVAARDIGING

Vraag 4 (Ontleding van syfers en gelykbreekpunt, 16 punte, 8 minute)

Jy word voorsien van inligting wat betrekking het op XY Vervaardigers vir die finansiële jaar wat eindig op 31 Mei 2018. Geen voorrade was voorhande aan die begin of einde van die jaar nie.

GEVRA:

4.1 Hoeveel eenhede moet vervaardig word om gelyk te breek? Sal XY Vervaardigers tevrede wees met die aantal eenhede wat gedurende die jaar vervaardig en verkoop is? Verduidelik. (12)

4.2 AA Verskaffers verskaf die afgelope tien jaar grondstowwe aan XY Vervaardigers. XY Vervaardigers is deur 'n nuwe verskaffer genader wat waarborg dat hy 25% op die koste van sy rou materiaal kan bespaar. Noem twee faktore wat hulle in ag moet neem voordat hulle van verskaffer verander. (4)

INLIGTING:

1. XY Vervaardigers het 650 eenhede gedurende die jaar vervaardig en verkoop. Die verkoopprys is R80 per eenheid.
2. Die kostes vir die jaar was as volg:

	Totaal	**Per eenheid**
Veranderlike koste	**24 050**	**?**
Direkte materiaalkoste	14 495	22,30
Direkte arbeidskoste	?	8,60
Verkoops- en verspreidingskoste	?	6,10
Vaste koste	**15 050**	**?**
Fabrieksbokoste	9 800	?
Administratiewe koste	5 250	?
Totale koste	**39 100**	**?**

4.1 Hoeveel eenhede moet vervaardig word om gelyk te breek? Sal XY Vervaardigers tevrede wees met die aantal eenhede wat gedurende die jaar vervaardig en verkoop is? Verduidelik.

Berekening:

Kommentaar:

4.2 Noem twee faktore wat hulle in ag moet neem voordat hulle van verskaffer verander.

VERVAARDIGING

Vraag 5 (Kosterekeninge en Produksiekostestaat, 40 punte, 20 minute)

Jy word voorsien van inligting wat betrekking het op Northem Vervaardigers vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2018.

GEVRA:

5.1 Dui die kosterekeninge aan wat deur elk van die volgende geraak sal word:
- (a) Huur betaal vir fabrieksgeboue (2)
- (b) Oortydvergoeding betaal aan fabriekswerkers (2)
- (c) Kommissie betaal aan verkoopspersoneel (2)
- (d) Koste van grondstofvoorraad uitgereik om in die produksieproses gebruik te word (2)
- (e) Salaris betaal aan die boekhouer (2)

5.2 Stel die Produksiekostestaat vir die jaar geëidig 28 Februarie 2018 op. (12)

5.3 Stel die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018 op. (13)

5.4 Bereken die winspersentasie op kosprys waarteen vervaardigde produkte verkoop word. (5)

INLIGTING:

1. Die volgende inligting is geneem uit die finansiële rekords op 28 Februarie 2018:

Administratiewe koste	178 000
Direkte materiaalkoste vir die jaar	?
Fabrieksbokoste	820 000
Verkoops- en verspreidingskoste	162 000
Direkte arbeidskoste	312 900
Primêre koste	880 000
Totale produksiekoste van klaarprodukte vervaardig	2 120 000
Goedere-in-bewerkingvoorraad (1 Maart 2017)	653 000
Goedere-in-bewerkingvoorraad (28 Februarie 2018)	?
Klaarproduktevoorraad (1 Maart 2017)	960 000
Klaarproduktevoorraad (28 Februarie 2018)	680 000
Verkope (26 500 eenhede teen R130 elk)	3 385 000
Debiteure-afslag	145 000
Koste van verkope	?

5.1 Dui die kosterekeninge aan wat deur elk van die volgende geraak sal word:

Besonderhede van transaksie	Kosterekening geraak
(a) Huur betaal vir fabrieksgeboue	
(b) Oortydvergoeding betaal aan fabriekswerkers	
(c) Kommissie betaal aan verkoopspersoneel	
(d) Koste van grondstofvoorraad uitgereik om in die produksieproses gebruik te word.	
(e) Salaris betaal aan die boekhouer	

5.2 Stel die Produksiekostestaat vir die jaar geëidig 28 Februarie 2018 op.

Produksiekostestaat van Northem Vervaardigers vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018	
Primêre koste	
Direkte materiaalkoste	
Direkte arbeidskoste	
Fabrieksbokoste	
Produksiekoste vir die jaar	
Werk-in-prosesvoorraad aan die begin van die jaar	
Totale produksiekoste	
Werk-in-prosesvoorraad aan die einde van die jaar	
Koste van produksie van klaarprodukte vervaardig	

5.3 Stel die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018 op.

Inkomstestaat van Northem Vervaardigers vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018	
Verkope	
Koste van verkope	
Klaarproduktevoorraad aan die begin van die jaar	
Koste van produksie van klaarprodukte vervaardig	
Klaarproduktevoorraad aan die einde van die jaar	
Bruto wins	
Bedryfsuitgawes	
Administratiewe koste	
Verkoops- en verspreidingskoste	
Netto wins vir die jaar	

5.4 Bereken die winspersentasie op kosprys waarteen vervaardigde produkte verkoop word.

VERVAARDIGING

<u>Vraag 6</u> (Gelykbreekpunt, 20 punte, 10 minute)

Bolla Vervaardigers vervaardig pette. Die inligting hieronder is van toepassing op die jaar geëindig 30 Junie 2018.

GEVRA:

6.1 Gee TWEE voorbeelde van ‘n vaste kostes, en DRIE voorbeelde van ‘n veranderlike kostes. (5)

6.2 Verduidelik waarom dit belangrik is om die verwagte gelykbreekpunt vir ‘n besigheid te bereken, voor die begin van die finansiële jaar. (4)

6.3 Gebruik die gegewe syfers om die gelykbreekpunt te bereken. (7)

6.4 Behoort hulle tevrede te wees met hulle huidige produksiesyfer. Verduidelik hoekom jy so sê. (4)

INLIGTING:

1. Die volgende inligting het betrekking op die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2018:

Aantal pette vervaardig	9 200
Verkope vir die jaar (alle vervaardigde eenhede is verkoop)	R874 000
Totale vaste koste	R207 900
Totale veranderlike koste	R570 400

6.1 Gee TWEE voorbeelde van ‘n vaste kostes, en DRIE voorbeelde van ‘n veranderlike kostes.

Vaste kostes:

Veranderlike kostes:

6.2 Verduidelik waarom dit belangrik is om die verwagte gelykbreekpunt vir ‘n besigheid te bereken, voor die begin van die finansiële jaar.

6.3 Gebruik die gegewe syfers om die gelykbreekpunt te bereken.

6.4 Behoort Bolla Vervaardigers tevrede te wees met hulle huidige produksiesyfer. Verduidelik hoekom jy so sê.